higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

OPENBARE GESONDHEID
NKR VLAK 3

(9020023)

8 Desember 2020 (Y-vraestel)
13:00–15:30

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 8 bladsye.

450Q1N2008

Kopiereg voorbehou

TYD: 2½ UUR
PUNTE: 180

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.8) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Progressiewe versteuring gekenmerk deur geheueverlies en kognitiewe agteruitgang	A	denkversteurings
		B	beroerte
		C	osteoartritis
1.1.2	Veroorsaak wanneer ’n bloedklont bloedvloei na die brein blokkeer	D	Parkinson se siekte
		E	emosieversteurings
1.1.3	Disoriëntasie en ’n onvermoë om op die werklikheid te fokus	F	Alzheimer se siekte
		G	osteoporose
1.1.4	Hiperaktiwiteit en aggressie	H	gedragsversteurings
1.1.5	Progressiewe outo-immuunsiekte wat inflammasie, swelling en pyn in gewrigte en ander organe veroorsaak	I	rumatoïede artritis
1.1.6	Eensaamheid, vrees, woede en depressie		
1.1.7	Progressiewe neurologiese versteuring wat beweging beïnvloed		
1.1.8	Degeneratiewe gewrigsiekte veroorsaak deur kraakbeenverlies weens slytasie		

(8 × 1) (8)

1.2 Onderskei tussen *basiese* en *instrumentele* aktiwiteite van daaglikse bestaan.

(2 + 2) (4)

1.3 Rose is 72 jaar oud en woon alleen in 'n klein eenslaapkamerwoonstel. Sy ontvang 'n pensioen, maar haar enigste seun vat die meeste daarvan om sy gesin te onderhou. 'n Jaar gelede het Rose 'n beroerte gehad wat haar linkerkant ernstig aangetas het. Sy moet nou 'n kierie gebruik en sukkel om haarself te was, aan te trek en die toilet te gebruik. Om te kook en huis skoon te maak is ook groot uitdagings vir haar. Onlangs het Rose al hoe meer vergeetagtig geword, en vergeet selfs om haar medikasie op die regte tyd te gebruik.

1.3.1 Identifiseer DRIE basiese aktiwiteite van daaglikse bestaan waarmee Rose sukkel. (3)

1.3.2 Identifiseer DRIE instrumentele aktiwiteite van daaglikse bestaan waarmee Rose hulp nodig het. (3)

1.3.3 Wat kan gedoen word om te verseker dat Rose hulp met haar daaglikse aktiwiteite ontvang? (2)

1.3.4 Verduidelik hoe Rose misbruik word. (2)

1.4 Noem AGT gesondheidsverwante gevolge van geweld teen vroue. (8)
[30]

VRAAG 2

2.1 Definieer *geestesgesondheid*. (5)

2.2 Noem DRIE sielkundige teorieë wat gebruik word om die oorsake van geestesiekte te verklaar. (3)

2.3 Gee DRIE voorbeelde van siftingstoetse wat vir vroue aanbeveel word. (3)

2.4 Noem VIER tipes kanker wat hoofsaaklik of slegs vroue raak. (4)

2.5 Jy is 'n gemeenskapsgesondheidswerker. Gedurende een van jou besoeke sien jy dat 'n drie maande oue baba vaste kos gevoer word.

2.5.1 Noem DRIE ontwikkelingsgerigte mylpale wat 'n baba teen hierdie ouderdom behoort te bereik. (3)

2.5.2 Gee VIER tekens dat 'n baba gereed is om vaste kos te eet. (4)

2.5.3 Verduidelik waarom 'n drie maande oue baba nie vaste kos behoort te eet nie. (2 × 2) (4)

2.6 Waarom is dit belangrik om inligting in die Pad-na-Gesondheid-boekie ('Road to Health booklet') aan te teken? (2 × 2) (4)
[30]

VRAAG 3

3.1 Definieer elk van die volgende terme:

3.1.1 Mishandeling (2)

3.1.2 Geweld (4)

3.2 Noem en verduidelik DRIE tipes geweld wat gekategoriseer word volgens wie dit pleeg. (3 × 2) (6)

3.3 Gee TWEE voorbeelde van elk van die volgende tipes kontrasepsiemiddels:

3.3.1 Versperring (‘barrier’)

3.3.2 Natuurlik

3.3.3 Hormonaal

(3 × 2) (6)

3.4 Gee TWEE voordele van hormonale kontrasepsie. (2)

3.5 Gee TWEE nadele van hormonale kontrasepsie. (2)

3.6 Noem VIER redes waarom ’n vrou kan besluit om kontrasepsiemiddels te gebruik. (4)

3.7 Verduidelik die verskil tussen *gesinsbeplanning* en *kontrasepsie*. (2 + 2) (4)

[30]

VRAAG 4

4.1 Dui aan of elk van die volgende beserings opsetlik of onopsetlik is deur slegs ‘Opsetlik’ of ‘Onopsetlik’ langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

4.1.1 ’n Baba wat in badwater verdrink

4.1.2 Dwelmmisbruik

4.1.3 Seksuele aanranding

4.1.4 ’n Vrou wat tydens ’n gedurende roof doodgemaak word

4.1.5 Om jouself by die werk met chemikalieë te brand

4.1.6 Kindermishandeling

4.1.7 Aanranding van ’n veiligheidswag tydens ’n protes

4.1.8 ’n Motor wat oor ’n brug ry en in die water onder beland weens remme wat onklaar raak

4.1.9 Om by die trappe af te val

4.1.10 Selfbesering

(10 × 1) (10)

4.2 Noem VYF fisieke newe-effekte wat ’n vrou kan ervaar nadat sy ’n aborsie gehad het. (5)

4.3 Verduidelik hoe ’n miskraam ’n vrou emosioneel kan beïnvloed. (5)

4.4 Adviseer ’n jong ma oor VYF gesonde higiënepraktyke wanneer sy ’n pasgeborene versorg. (5)

4.5 Waarom dink jy raak mishandelde kinders dikwels as volwassenes in verhoudings betrokke wat deur misbruik gekenmerk word? (5)
[30]

VRAAG 5

5.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.8) in die ANTWOORDBOEK neer.

5.1.1 Die blastosist word in die wand van die uterus ingeplant en ontwikkel in die plasenta en ...

A fetus.
B embrio.
C baba.
D sigoot.

5.1.2 Middeljarig tot oud verwys na diegene wat ... jaar oud is.

A 60
B 65
C 70
D 75

5.1.3 Die onwillekeurige skrikrespons by pasgeborenes wanneer hulle ’n harde geluid hoor, staan bekend as die ... refleks.

A soek-
B Moro-
C stap-
D toniese

5.1.4 Kwasjiorkor word veroorsaak deur ’n gebrek aan ...

A proteïen.
B vitamiene.
C yster.
D kalium.

5.1.5 'n ... behoort in staat te wees om eliminasie of uitwerping te beheer.

A Drie maande oue baba
B Kleuter
C Eenjarige
D Nege maande oue baba

5.1.6 ... is die afwesigheid van menstruasie.

A Dismenorree
B Amenorree
C gonorree
D Abnormale uteriene bloeding

5.1.7 ... is die ideale voeding vir 'n pasgeborene.

A Braxton Hicks
B Vernix
C Mekonium
D Kolostrum

5.1.8 ... jaar is die ouderdom waarop mans en vroue in Suid-Afrika op 'n ouderdomstoelae geregtig raak.

A 65
B 55
C 75
D 60

(8 × 1) (8)

5.2 Mary is 40 jaar oud en 38 weke swanger met haar tweede kind. Sy voer die grootste deel van haar volwasse lewe 'n stryd teen alkoholisme. Vandag besoek sy haar voorgeboortekliniek vir die eerste keer. FAS is by haar eerste kind gediagnoseer.

5.2.1 Waarvoor staan *FAS*? (2)

5.2.2 Noem VIER fisieke eienskappe wat Mary se eerste kind kan besit. (4)

5.2.3 Is Mary 'n primigravida of multigravida? (1)

5.2.4 In watter trimester bevind Mary haar? (1)

5.2.5 Verduidelik of Mary se swangerskap lewensvatbaar sal wees of nie. (2)

5.2.6 Noem en verduidelik VIER simptome van alkoholisme. (4 × 2) (8)

5.2.7 Verduidelik of Mary verantwoordelik tydens haar swangerskappe opgetree het. (2 × 2) (4)

[30]

VRAAG 6

6.1 Kies die korrekte term uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (6.1.1–6.1.8) in die ANTWOORDBOEK neer.

6.1.1 Urinêre (inkontinensie/retensie) verwys na die onwillekeurige lekkasie van uriene.

6.1.2 (Anemie/Anorexia nervosa) Is ’n eetversteuring wat veroorsaak dat individue ’n obsessie ontwikkel oor gewig en dit wat hulle eet.

6.1.3 Die term verouderende (bevolking/proses) verwys na ’n toenemende gemiddelde ouderdom in ’n streek weens ’n dalende fertiliteitsyfer en/of stygende lewensverwagting.

6.1.4 (Immunisering/Vaksinering) kan natuurlik verwerf word nadat ’n persoon ’n siekte opgedoen het.

6.1.5 (Primêre/Sekondêre) infertiliteit verwys na ’n paartjie wat voorheen in staat was om swanger te raak, maar nou nie in staat is om weer swanger te raak nie.

6.1.6 Presbikuse is ’n verlies van (gehoor/visie) wat geleidelik in individue voorkom namate hulle ouer word.

6.1.7 Kandidiase staan algemeen bekend as (bakteriële vaginose/sproei).

6.1.8 (Geïnduseerde/Spontane) aborsie is die natuurlike verlies van ’n swangerskap, sonder ingryping van buite, voordat die embrio of fetus onafhanklik kan oorleef.

(8 × 1) (8)

6.2 Definieer *dehidrasie*. (2)

6.3 Gee DRIE oorsake van dehidrasie. (3)

6.4 Noem DRIE tekens of simptome van dehidrasie in ’n baba. (3)

6.5 Noem die DRIE bestanddele vir ’n eenvoudige oplossing wat aangemaak kan word om dehidrasie tuis te behandel. (3)

6.6 Watter DRIE tekens sal daarop dui dat ouers of versorgers mediese hulp vir ’n baba moet bekom wat aan ontwatering ly? (3)

6.7 Verduidelik hoe ’n mens se familie ’n uitwerking op jou geestesgesondheid kan hê. (8)

[30]

TOTAAL: 180

Kopiereg voorbehou